Beantw

Posbus 995
WINDHOEK
Sondag 31 Jan. 1993

Liewe prof. Willie
Die dag met die gradeplegtigheid wou ek so graag vir u 'n paar woorde 'gee', soos ons mensies dit sou sê. Die oomblik was egter so emosioneel gelaai en u was ook haastig vir al die fotonemery.
Vanoggend in my stiltetyd loop ek weer 'n deeltjie van u Rustenburg-belydenis raak in Woord teen die Lig en daarom is ek vanmiddag hier voor die woordverwerker.
Die vormingsinvloed wat u op my seun De Wet voortgesit het,het reeds in my en Peet se studente dae begin toe u vir ons Prof. Willie Jonker daar ver in Holland was. Ons het u toe nie persoonlik geken nie maar deur u geskrifte en uitsprake het ons geweet hier is 'n teoloog wat ons kan volg. Deur al die jare het dit so gebly. Elke preek, elke boek en elke skrywe van u het vir ons 'n inspirasie op die lewenspad gebly. Daarvoor sê ek namens ons gesin vir u baie dankie. Maar ook vir wat u vir die N.G.Kerk beteken het, al is die dank so min en al was en is die pad soms so verskriklik eensaam en alleen moet u weet daar is geloofsgenote wat altyd vir u die hoogste waardering en lof sal hê.
De Wet het vir u aan die einde van sy eerstejaar in Buffelsbaai raakgeloop as ek reg onthou. Daar het u gesprek met hom tot 'n groot mate sy lewenskoers bepaal. Uiteindelik sou hy een van u nagraadse studente word. Vir al die gebeitel en gekap en eindelose geduld wil ek vanmiddag sê: BAIE DANKIE. Ons weet u sal u regmatige beloning daar Bo ontvang!
Sedert ons ontmoeting daar onder het Peet ook intussen die beroep na Khomasdal N.G.Sendinggemeente aangeneem. Ons twyfel nie een oomblik dat dit die wil van ons Vader is nie. Ons" bruin" kerk is 'n bietjie verwaarloos en sonder leiers in die nuwe Namibië. Miskien gaan Hy ons gebruik om vanuit hierdie hoek die stryd om kerkeenheid voort te sit.
Ons wens vir u en u gesin alles toe wat mooi is in die nuwe jaar. Ons sal in Khomasdal (Kleurlingwoonbuurt!) 'n baie kleiner pastorie betrek maar onthou u-hulle is altyd welkom! Slaapplek sal daar altyd wees.
Opregte groete in Christus

Ellen Strauss